

SARS PERS 26 ONWETTIGE VOERTUIE SAAM IN DIE STRYD TEEN NIE-NAKOMING

Durban, 23 November 2018 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vroeër vandag 'n aantal onwettige voertuie verwoes as deel van hulle kragtige optrede teen nie-nakoming in verskeie doeane-sektore.

Dit volg na 'n twee-dae inter-regeringsoperasie in Durban en omliggende areas om onwettige handeldryf te takel.

Die KwaZulu-Natalse (KZN) doeane-beamptes het gedurende die afgelope finansiële jaar 26 voertuie gekonfiskeer vir verskeie oortredings en die voertuie is nou verbeur aan die staat na afloop van behoorlike wetlike prosesse. Die voertuie het 'n gesamentlike geskatte markwaarde van nagenoeg R4 miljoen.

Die invoer van tweedehandse ingevoerde voertuie na Suid-Afrika word beperk. Voor die voertuie na Suid-Afrika ingevoer kan word, moet die kliënt 'n invoerpermit bekom by die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie en ook 'n magtigingsbrief by die Nasionale Reguleerder van Verpligte Spesifikasies.

Die gekonfiskeerde tweedehandse ingevoerde voertuie was voorheen op 'n doeane-veiling verkoop vir uitvoer, maar hierdie voertuie het hul pad onveranderlik terug na Suid-Afrika gevind. Dit het voor die hand liggend 'n impak op die plaaslike voertuigvervaardigingsindustrie, wat nagenoeg 7.5% bydra tot die land se bruto binnelandse produk. Die onregverdige kompetisie wat deur die instroming van tweedehandse voertuie opgelê word, het 'n groot impak op hierdie belangrike industrie.

Van die 26 voertuie wat gedurende hierdie finansiële jaar in KZN aan die staat verbeur is, is vier vandag saamgepers en 15 gedurende onlangse weke. Die oorblywende voertuie sal onder Doeane-toesig in die komende weke verwoes word.

Dieselfde benadering sal regoor die land toegepas word, met Gauteng volgende en Limpopo daarna. Daar is tans 317 voertuie nasionaal wat hierdie finansiële jaar aan die staat verbeur is.

Die twee-dae hoë-sigbaarheidsoperasie (20 en 21 November) in die Durbanse omgewing, het ander regeringsdepartemente soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS), Immigrasie, die *Cross Border Road Traffic Agency* en die EThekweni Metropolisie ingesluit.

Die hoofokus van die operasie was om kragtig op te tree teen nie-nakoming met betrekking tot invoer/uitvoer van goedere, die smokkel van onwettige middels en die onwettige berging/beweg van tweedehandse goedere.

Dit het padblokkades by hoë-risiko gebiede, fisiese inspeksies van laaikiste, vrag, in doeane-pakhuis, patrollies, voertuigkontrolepunte, hekkontrolle en vaartuigdeursoekings ingesluit.

Sommige van die suksesse van die operasie het tot dusver ingesluit:

- Terughouding van 260 tweedehandse ingevoerde voertuie vir verdere ondersoek aangaande die geldigheid van hulle invoer. Dit is gevind gedurende inspeksies by twee doeane-pakhuis op 20 November. Hierdie voertuie mag in doeane-pakhuis wees vir twee jaar sonder om heffings te betaal, maar sodanige tyd was verstreke wat beteken dat hulle in oortreding van hul lisensievoorwaardes was.
- Konfiskering van vermeende nagemaakte klerasie en tekstiel ter waarde van nagenoeg R6 miljoen is by King Shaka Internasionale Lughawe (KSIA) op 20 en 21 November gevind. Die goedere is opgespoor gedurende lukraak inspeksies in die vragafdeling by KSIA.
- 30kg saamgedrukte dagga is in 'n voertuig by 'n padblokkade in Tongaat gevind op 21 November. Die dagga, wat in tasse in die bagasieruimte van die voertuig gevind is, is positief deur doeane-speurhonde geïdentifiseer. Die waarde daarvan is nagenoeg R2 miljoen.
- Vermeende nagemaakte babadoeke is in 'n 40-voet laaikis by 'n hekkontrolle in die Durbanse hawe gevind op 20 November. 'n Volledige uitpak word vandag gedoen om die outentisiteit te bepaal.

Doeane sal voortdurend operasies landwyd uitvoer, in noue samewerking met ander regeringsdepartemente, om die onwettige handeldryf met die hele doeane-waardeketting langs aan te spreek om sodanig die ekonomie en samelewing te beskerm.

Om foto's te sien, [klik hier](#).